

**NOTULES VAN DIE SUID-AFRIKAANSE JAGGEWEERSKIETVERENIGING SE
ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 9 MEI 2014 om 19:30 TE STADSAAL,
GARIEP**

Bywoning: Verwys na bywoning-register 69 lede
Verskonings: 2

1. OPENING EN VERWELKOMING

Piet Breedts verwelkom almal by die vergadering en bedank almal teenwoordig, die vergadering open met gebed deur Org Stroebel.

2. Die bywonings-register word omgestuur dat alle lede kan aanteken.

3. **Voorsittersverslag:** Piet Breedts gee kortliks terugvoer oor die afgelope jaar. Hy bedank almal vir deelname vir die afgelope jaar. Die hoogtepunt wat voorlê vir die jaar is die Wereldkampioenskappe wat beplan word vir Augustus in Bloemfontein. Met die aanbied van hierdie kampioenskappe kan die top lede Protea-kleure ontvang. Piet noem ook dis 'n groot prestasie vir die Vereniging vir die vordering om die Wereldkampioenskappe aan te bied. Piet wens al die Top 50 geluk met hul prestasie. Piet bedank al die Baanoffisiere vir hul ontbaatsigtediens om ons te ondersteun vir die Top 50 en die SA Ope. Piet bedank ook ons borg: **Safari and Outdoor**

4. **Presidentsrede:** Geen

5. **Erelede en toekennings:** Geen.

6. **Sake voorspruitend en aanvaarding van vorige notules:** Voorgestel: Christo Grobler, aanvaar: Barries Barnard.

7. Nuwe sake:

a. **Skietposisie inneem:** Die vorige reeling verval, skut neem sy posisie in die toegekende tyd vir die oefening.

b. **Baanoffisiere:** Jimmy stel voor dat ons moet meer daaraan dink om "roaming" baanoffisiere te gebruik agv die feit dat daar nie altyd genoegsame en opgeleide BO beskikbaar is nie. Hy stel ook voor dat dit moet so aangepas word in ons Grondwet.

c. **Merk van teikens:** Die nommers moet sigbaar wees.

d. **Standaard skietstokke:** Dit is besluit die stoke moet standard wees, geen "flimsy" stokke. "Bipod" tipe en enkel kan wel gebruik word, solank dit maaklik vasgehou kan word.

e. **Wereldkampioenskappe 2014:** Willem Botha gee kortliks info oor die skiet. 'n Vergadering sal later gehou word met die reëlins vir die Kampioenskappe. Datum en lokaal sal bekend gemaak word. Al die bene van die Kampioenskappe sal tel op die ranglys. Al die uitrusting sal na die Kampioenskappe verkoop word. Koste per dag se inskrywing: R450-00

f. **Datum SA Ope 2015:** Daar is besluit dat die SA Ope op 'n rotasie tussen Provinsies aangebied word. Moontlike datum: Mei – Junie

Suidkaap gaan die 2015 SA Ope aanbied. Jimmy sal bevestig wat die datum gaan wees, wat die beste tyd rondom die weer en beskikbaarheid van die plaas waar dit aangebied gaan word.

Die volgende Provinsies het ook ingestem om die SA Ope in hul gebied aan te bied: Ooskaap, KwaZulu Natal, Weskaap, Noordwes en Vrystaat.

- g. Lede moet hul ledegeld teen einde Februarie betaal. As ledegeld nie betaal is nie sal die punte nie tel vir die ranglys nie.

8. **Finansies:**

- a. **Verslag:** Org gee kortliks terugvoer oor die finansies. Voorgestel deur: Arnold Viljoen, Sekondeer: Louis Butler
- b. **Ledegeld 2015:** Almal het saamgestem dat die ledegeld onveranderd bly op R450-00 vir hoof lid en die nodige aanpassing vir die 2de familielid.
- c. **Verskiesing van ouditere:** Hou soos dit is.
- d. **Provinsie-gelde:** 'n Voorstel was gemaak dat hierdie geld moet eerder bydrae tot die fonds vir die toeregroep. Algemeen aanvaar.

9. **Nominasies:**

- a. **President:** Geen Nominasies was ingedien gedurende die vergadering vir die volgende twee lede: Willem Botha en Antoon Roets. Albei lede het hul naam onttrek vir die posisie. Posise vir President is vacant.
- b. **Voorsitter:** Johannes Schoeman, voorgestel: Piet Breedt, sekondeer: Wimpie Blaauw. Mederheid gestem vir Johannes, en algemeen aanvaar. Baie geluk aan Johannes.
- c. **Onder-voorsitter:** Jimmy Fraham, voorgestel; Jaco Brink, sekondeer: Piet Breedt. Mederheid gestem vir Jimmy, en algemeen aanvaar. Baie geluk Jimmy.

10. **Vasstelling van volgende vergadering:** Volgende vergadering sal met die SA Ope 2015, die Vrydagaand, nadat die Top 50 klaar geskiet is.

11. **Reëlins vir die SA Ope:** Kom bymekaar 08:00 vir al die inligting vir die dag by die Safari & Outdoor gazebo. Kort opsomming van die bane is voorgelê. Die inskietbaan is op dieselfde plek as die Top 50.

12. **Algemeen:**

- a. Die skut het die reg tot apel as die teiken nie duidelik en sigbaar is nie.
- b. Ghongabane: die tyd moet stop en die nodige regstellings moet gemaak word en dan gaan die tyd aan.
- c. As die fluitjie blaas, is die skoot wat gevuur is tel nog. Indien na die fluitjie geblaas is, tel die skoot nie.

- d. **Wereld-jaggeweerskietvereniging:** Willem Botha is gekies as die President. Gelukwense is oorgedra.
- e. Piet Breedts het ingestem om nog as Voorsitter by te staan tot na die Wereldkampioenskappe.

13. Die vergadering verdaag om 21:30

PJ BREEDT
VOORSITTER SUID-AFRIKAANSE JAGGEWEERSKIETVERENIGING

C COETZEE
SEKRETARESSE SUID-AFRIKAANSE JAGGEWEERSKIETVERENIGING